My rede
hoekom ek met Nguni's boer.

Schalk van der Walt

Ek is al so baie kere gevra hoekom ek met Nguni Beeste begin boer het. 'n Mens moet onthou daardie jare (1983) was die ras nog nie eers op die lys van erkende geregistreerde rasse nie. Deesdae is dit glad nie snaaks as enige boer besluit om met Nguni's te boer nie. Die verskil 28 jaar gelede was dat niemand in die Karoo regtig notisie geneem het van Nguni beeste en seker ook nie een al in lewende lywe van naderby gesien nie, baie was ook nie eens van hulle bestaan bewus nie.

Daarom het ek besluit om my Nguni verhaal op papier vas te lê; om sodoende my wedervaringe met mede lede te deel. Dit is ongelukkig 'n lang storie en om dit kortliks te vertel sal nie die moeite werd wees, aangesien dit werklik 'n sameloop van omstandighede was, plus my liefde vir diere.

Vir die wat my nie ken, ek boer in die hoekie waar die Noord-Kaap, Oos-Kaap en Vrystaat bymekaar kom, maar in die Oos-Kaap se kant van die grens op die suidelike oewer van die groot Gariepdam, net daar waar die groot karoo min of meer begin, die veld word geklassifiseer as "Nama Karoo", 'n mengsel van karoobossies en soet grasveld. Hoofsaaklik skaap wêreld, ontsettende koue winters met dikwelse somer droogtes.

Eerstens gaan ek die sameloop van noodlot en die omstandighede beskryf wat daartoe gelei het. Om mee te begin, ek en my identiese tweeling broer en my pa het in 'n vennootskap geboer op drie plase. Ek en my pa op twee met merino skape en volbloedperde en my broer op die derde plaas met melkbeeste, merino skape en veredelde boerbokke. Omdat die department van waterwese toe besig was om die grootste dam in RSA te bou, het ons 'n geweldige afset in melk, room en yogurt gehad, daarvan die melkboerdery wat my broer na omgesien het.

Op die twee plase waar ek en my pa saam op Gelykfontein gewoon het, het ons agterskot veld oorgehad waar ons die Fries verse en tollies van die melkbeeste kon grootmaak tot verkoop ouderdom.

Op 7 Oktober 1973 is my tweelingbroer egter tragies in 'n motorongeluk oorlede en moes ons noodgedwonge die melkery tot niet maak. Aangesien my pa wat toe 'n erge hartaanval gehad het en baie siek was, ek toe die enigste aktiewe vennoot oor was.

My pa het toe besluit nadat ons die Friese verkoop het, dat hy van Suid-Devon Beeste hou omdat hulle dubbeldoel veld beeste was, rooi en eenkleurig. Ons het toe besluit dat ons ook wel stoet beeste sou aanskaf, want ons het altyd geglo daarin dat 'n goeie bees dieselfde eet as 'n gewone bees, min wetende dat ons sou aggresief moes bemark wat dan ook behels die skou van diere en bulle op voer (aan 'n krip vasmaak en vir 5 maande voer uit die koöperasie) voordat jy sommer 'n koper sal beïndruk.



Schalk en Keppie Moolman

Ons het geskou op al die omliggende dorpe asook tot op Bloemfontein se skou. Ons het gedink dit was goed as ons so 3 tot 4 bulle in 'n jaar verkoop.

Die koeie moes egter in die veld klaarkom en die hoof teelbul moes na skoue weer gewoond gemaak word aan die veld. Dit is waar al die probleme begin het. Ons agterskot veld was vol rante met skerp kleinerige klippies. Die bulle was te swaar en hulle pote het seer geword.

Die koeie kon nie volhoubaar deur die winters en droë jare gaan sonder hulp nie, weens hulle swaar bouvorm. Dit het ons ontsettend baie geld gekos om hulle volhoubaar in produksie te kon onderhou. My pa is skielik in die winter van 1977 oorlede, slegs vier jaar nadat ons met hulle begin het.

Weereens moes ek herbeplan en toe in 1980 het ek besef, nadat ek die perde en skape aansienlik vermeerder het en nog grond by gekoop het, dat dit net nie gewerk het nie. Ek het toe van die Suid-Devon Stoet ontslae geraak en soek toe 'n beesras wat op hul eie volhoubaar ekstensief kon klaarkom omdat daar genoeg ekstra goeie agterskot veld beskikbaar was waar mens nie met aanteel ooie kon boer nie.

'n Slim oomie vertel toe vir my, man kry vir jou Brahman beeste, dan is jou hele probleem opgelos. Intussen het ek van die Suid-Devons ontslae geraak deur hulle te ruil vir 2 koeie (Hereford kruisras koeie en kalwers) vir een Suid-Devon stoetkoei. Dit was die vinnigste manier om hulle verkoop te kry met die idee dat ek die vleisbeeste, nadat hulle

gekalf het en die kalwers binne 2 jaar sou verkoop en slag om sodoende nie te veel te verloor op die aanvanklike belegging nie.

Einde 1982 het ek toe besluit op wat die slim oomie vir my vertel het en in April 2003 1983 was daar toe 'n boedel uitverkoping op die buurdorp Bethulie van Brahman beeste. Ek koop toe 17 wit-grys Brahman koeie en voel baie in my skik dat ek sulke mooi koeie kon uitsoek op 'n vendusie. Na die vendusie trek ek toe my 7 ton langneus Toyota trok reg om hulle op te laai, maar vind toe tot my skok uit dat ek hulle nie op die trok gelaai kan kry nie omdat hulle skielik toe baie aggresief raak en my en my werkers bestorm. Ten einde raad het ek toe dat hulle ons bestorm en dan duik ons langs die trok se kante verby en in die proses spring hulle dan op die vragmotor se laaibak.

Ek gaan laai hulle toe vir eers op die nuwe grond af in 'n 50ha kamp sodat ek die volgende dag na hulle kan gaan kyk.

Die volgende dag ry ek toe oor en toe ek die bult afkom waar die kamp se draad begin en hulle die bakkie sien, hardloop hulle tot teen die grens draad van my en my buurman en 4 spring oor na my buurman se veld. Ek was toe so ontsteld dat ek na die buurman se huis ry en die slagter bel om my geweer op my woonplaas op te laai en ons moes toe maar daardie 4 vir ewig uithaal.

Ek het dieselfde aand nog 'n trok bespreek na PE, dit is waarheen ons in daardie dae ons slagbeeste heen gestuur het per spoor.

'n Week later bel die stasiemeester my vanaf Norvalspontstasie om te sê die GZ trok is daar. Nadat ek hulle in die trok gelaai het, sien ek toe daar kom nog beeste wat te perd aangejaag word vanaf die plaas Ruigtevlei 3km weg van die stasie. Dit was 20 tollies van net onder die 2 jaar. 'n Britse Ras, rooi en wollerig, ek let toe op dat daar drie blinkhaar rooibont ossies tussen hulle was en in 'n baie goeie kondisie was. Die eienaar was aan my bekend en ek vra hom toe uit omdat ek baie beïndruk was met die 3 ossies, waarna hy my toe vertel dat dit Nguni's was waarop ek hom toe vra waar hy hulle gekry het.

Voordat ek verder vertel moet ek u eers inlig dat die betrokke boer, 'n Mnr Doble, 'n nuwe boer in ons distrik was en van uit die ooste van die Oos-Kaap afkomstig is, 400km oos van Venterstad waar ek boer. Hy het toe te vertelle dat om sy inkomste aan te vul met sy skaapboerdery koop hy elke jaar 20 speenkalwers en hou hulle vir 1 jaar op die veld waarna hy hulle dan mark toe stuur in PE. Ek vra hom toe uit waar ek ook sulke Ngunis kan kry maar dan nou vroulike diere. Hy kon my nie help en sê toe die agente van daardie wêreld soek maar min of meer vleis tipe kalwers vir hom en stuur dit dan aan.

Ek het toe wakker gelê oor daardie 3 ossies, aangesien my verstand vir my gesê het daar moet 'n rede wees hoekom hulle so besonder mooi lyk en daardie rede het met aanpasbaarheid te doen. Ek bel toe my agente maar almal lag my uit, die meeste weet nie eers wat die woord Nguni beteken nie. Einde radeloosheid bel ek toe ons Suid-Devon Beoordelaar en Inspekteur wat 'n respektabele beeskenner was van alle rasse. (Skou Interras Beoordelaar) Mnr Brian Price van Whittelsea, suid van Queenstown. Ek vra hom toe waar ek Nguni beeste kon kry en hoe gehard hulle is, waarop hy antwoord dat hulle klein is, maar baie gehard en aanpasbaar, hy sê toe my enigste roep is om Stock Owners in Natal te bel en daar te verneem hoe om Nguni beeste te bekom, waarop hy my toe hulle telefoon nommer gee.

Stockowner verwittig my toe dat daar eintlik geen kommersiële boer is wat werklik met suiwer Ngunis boer op 'n kommersiële manier, maar dat daar wel met Ngunis gekruis word, maar verskaf toe ten einde raad, twee spekulante in Noord Natal se telefoon nommers aan my , ene Mnr Kerneels Dekker van Empangeni en Keppie Moolman van Melmoth.

Ek bel toe eers vir mnr Dekker die betrokke aand en kom toe tot die slotsom dat hy nie juis geïntresseerd was om te help of liewers dalk die indruk gekry dat kommersiële boere nog nooit van so vêr af met hom besigheid gedoen het, veral Nguni beeste nie.

Terleurgesteld maar nog steeds opgewonde bel ek toe vir Mnr Moolman en hy lig my toe in dat hy my wel met 'n paar vroulike diere sal kan help uit sy kuddetjie van suiwer inheemse zoeloe diere en 'n bul.



Mawele en Schalk

Gedurende die gesprek die aand het hy my 3 keer gevra of ek werklik ernstig is om sovêr agter Nguni beeste aan te ry, ongeveer 1250km. Intussen het ek besef dat ek iewers meer inligting oor raseienskappe en so meer omtrent die ras van iewers sal moet bekom, hoe nou gemaak.

Dit val my toe by van my suster se seun Francois Marais, hy was 'n 3de jaar student Veeartsenykunde op Onderstepoort, en hy sal moet help. 'n Paar dae later bel hy my, maar sê toe dat hy deur navrae by die argiewe afdeling van die universiteit vir my inligting bekom het en dit dadelik vir my pos.

'n Week later kom die groot koevert, toe met die inligting en fotos soos opgestel deur Prof FN Bonsma, tydens sy 1947 observasie in die tuislande van Zoeloeland en Swaziland. Die inhoud waarvan ook raseienskappe beskryf kon my toe 'n bietjie wyser maak.

Vroegoggend in Mei 1983 op 35jarige ouderdom vertrek ek en my vrou Christa en my nefie van Onderstepoort, Francois Marais, toe op 'n lang tog na Melmoth. Dit was net mooi skemeraand toe ons daar aankom.

Daar aangekom vind ons toe uit dat daar geen slaapplek te vinde was, omdat hulle besig was om die film Shaka Zulu te skiet en al die huisvesting vol bespreek was van akteurs, ook in Eshowe dieselfde storie, die hotel eienaar in Eshowe beveel aan ons moet maar probeer in Richardsbaai. Daar aangekom, vir die eerste keer in ons lewe, kan ons nie eers die see gesien kry so laag lê die dorp. Vroeg die volgende oggend vertrek ons na Mnr Moolman vir ons afpraak 8:30vm. Net na sonsopkoms naby Empangeni op ons pad sien ons 'n blanke boer werk met sy beeste wat soos Ngunis lyk in krale teenaan die pad waarop ons ry. Ek stop toe en stel myself voor en tot my verbasing is dit toe Mnr Kerneels Dekker (die persoon wie ek eerste gebel het en nie veel belangstelling getoon het nie).

Ek vind hom toe 'n baie aangename persoon, hy wys my toe sy Ngunis 'n troppie van so ongeveer 60 koeie en 'n bul of 2, net daar en sê maar ek kan maar by hom ook koop nadat ek hom toe vertel het waarheen ons oppad was en dat ek die man was wie hom gebel het. Sy pryse was so bietjie meer as mnr Moolman s'n, maar ons moes toe weer aanwikkel om betyds vir ons afspraak te wees op Melmoth. Toe ons by Mnr Moolman aankom nadat ons bult op en bult af amper soos "Die vallei van 'n Duisend Heuwels" en nouwel 'n paar minute laat vir ons afspraak, maar min of meer optyd en ek my toe voorstel waarop ons hom vertel van ons gesukkel met slaapplek die vorige aand, sê hy toe vir my as hy geweet het ons regtig gaan kom, ons maar by hulle sou kom slaap het, waarop dit my toe tref waaroor dit eintlik gaan, is dat geen blanke boere van so vêr vanaf ander provinsies nog nooit vantevore by hulle Nguni beeste kom koop het nie, ook dieselfde rede waarom Mnr Dekker die telefoon nie eintlik belangstelling getoon het nie.

Toe ons uitstap en die beeste langs die huis in ou stoppel landerye sien, op 'n koel herfs oggend, met zulu wagters en al wat op ons wag, vet blink en gesond en vol kwaliteit het daar 'n blye opgewondenheid deur my en Christa gegaan en ons het geweet dit is waarna ons soek en hopelik was hierdie reis nie verniet nadat ons toe ook besef hierdie beeste gedy op suurveld.

Ons het toe vir die prys van R550, 6 koeie, 2 verse elk en 1 bul @ R1500 uitgesoek en Mnr Moolman het ons ook bietjie meer op die eienskappe gewys asook belangrike dinge soos dooie spene agv bosluisbyte ens.

Dit was toe 'n groot probleem om vervoer te bekom totdat Keppie toe reël dat die voertuie wat vir hom boerbokke uit die Karoo bring die beeste sal terug vervoer tot by my op Gelykfontein. Beide Mnre Moolman en Dekker was spekulante (Traders) wat Ngunis bymekaar maak en dan weer die ossies en ou koeie aan die Zoeloes verkoop asook bokke, omdat die Zoeloes so lief is vir Ngunis agv hulle tradisie en geloof rituele ens.

Die nege beeste het 'n week of wat later by ons in die Karoo aangekom, middel Mei 1983. Die kamp waarin ek hulle eerste ingesit het, is die enigste kamp op my plaas waar daar 'n stukkie publieke pad daardeur loop na my bure se plaas.

My huidige buurman se oupa het daar verby gery en my die volgende dag in die dorp raakgeloop waarop hy opsigtelik baie verbaas aan my gevra het maar watse minderwaardige beeste het ek nou gekoop en dat my pa sal omdraai in sy graf as hy sien wat ek met die mooi Suid-Devons gedoen het en nou hier aangebring het, regte tuisland-beeste.

Nadat die koeitjies gekalf het en ek toe gesien het hoe goed hulle hier aanpas en hulle kalwers goed grootgemaak het, is ek weer terug na Zululand, hierna het die wonderlikste wedervaringe en ervaringe begin wat ek vir res van my lewe nooit sal vergeet nie, ek het soos 'n pionier gevoel.



'n Zoeloe-man by sy Trots

Hierdie klein en "minderwaardige" besies het my toe al meer en meer beïndruk en hulle het so gereeld elke jaar gekalf en was so dankbaar met geen ekstra versorging of besonderse aandag nie. Ek het toe besef ek wil graag nog meer van hulle bekom, maar dit was steeds 'n groot probleem om hulle in die hande te kry. Intussen het ek al meer bevriend geraak met Keppie Moolman en kon ek daarin slaag om vir hom goeie boerbokke in die hande te kry vir sy "trade" besigheid en daarom was hy weer bereid om my te help waarop ek toe gereeld na Zoeloeland gereis het. Hy het my met sy vragmotor en drywer gehelp om beeste van die Makhatini vlaktes te gaan haal. Dit opsigself was ook dan 'n ongelooflike ervaring en uitdaging. Stockowners het klein veilingtjies gehou vir die Zoeloes by plekkies met die name van Mona, Baswan, Sengeni en Mamfene ens., waar hulle dan in die oggend 11uur by een plek 'n veiling hou en 2 ure later 40km verder by die volgende plek 'n 2de veiling gehou het en 2 ure daarna weer by 'n 3de plek ens.

Daar was slegs krale met 'n paar sitplekke en 'n afdak daaroor en hier het ons soms die mooiste ou koeie gekoop (onthou die Zoeloes was nie bereid om sommer 'n jong produktiewe diere te verkoop nie). Op een so veiling, onthou ek, het ek eenkeer die mooiste Nguni Bul gesien, maar het toe besluit om hom nie te koop omdat hy erge skeel oë gehad het seker van inteling. Mooi bulle was skaars en die bulle was baie os-agtig, van voorkoms.

Sodra jy dan die dier in die ring gekoop het word, hy gebrand en onmiddellik op die vragmotor gelaai anders kan hy dalk verdwyn. Nadat ons dan al die veilings bygewoon het daar in die Makatini vlaktes het ons dan die terugtog aangepak gewoonlik met so 12 tot 17 diere en 'n paar ossies vir Mnr Moolman se "trade"-mark.

Dit was sowat 300km terug tot in Melmoth en ons het gewoonlik laat die nag eers weer daar aangekom. Vir die van u wat nog nie in die Makatini vlakte was nie, dit is 'n pragtige bosveld met sand grond en suur gras. Dit lyk so mooi en ideale veld vir bees, maar dit is baie bedrieglik omdat die gras so suur is met die gevolg dat die koeitjies so klein, so min as 260 280kg weeg maar met die mooiste, fynste en volmaakste vroulike bouvorm wat jy aan 'n Nguni bees kon kry. Die volgende dag moes ons dat die koeie laat toets vir siektes soos Bruselose & TB; ook moes ons die spene nagaan omdat baie van die spene somtyds dood kon wees van bosluisbyte. Indien 'n koei skoon getoets het en darem een of twee lewendige spene gehad het, het ek hulle gehou.



'n Nguni koei word gemelk

Gelukkig kon Keppie Moolman dan die wat nie skoon toets of geen lewendige spene gehad het nie oorneem vir sy "trade"-mark. Ek was gelukkig as ek op elke so 'n reis 'n derde van wat ons koop op die Makatini veilings behou het. Sodra daar dan sowat 20 bymekaar gemaak is die diere dan na my gestuur wat sowat 1200km vandaar was. Ek het letterlik verskeie voertuie oud en opgery agter hierdie beeste aan en het 'n koorsagtige onverklaarbare dringenheid gehad wat my aangedryf het om weer en weer te gaan vir nog meer beeste.

Intussen moet u onthou dat daar toe nie kommersiele veilings van Nguni's was nie asook nie 'n Nguni Genootskap nie. Ek was heeltemal aan myself oorgelaat om hulle te bemark. Ek het begin om tydens Landbouskoue in my omgewing hulle uit te stal, gewoonlik 'n bul, 'n koei en 'n kalf en 2 of 3 jong bulletjies. Tot my verbasing het die mense begin belangstel en gewoonlik het ek dan sonder die bulletjies terug gery huistoe omdat hulle verkoop was tydens hierdie skoue. Ek het toe besef dat daar baie mense was wat na iets gesoek het wat maklik in die Karoo volhoubaar mee geboer kon word en dit het my nog meer aangespoor.

In my wildste drome sou ek egter nie kon dink dat hulle so gewild sou word dat die hele Karoo en nog meer die hele RSA nou vol loop van hierdie klein besies en dat hulle so diep in my en medetelers se harte sou inkruip dat ons een van die grootste verenigings in die RSA is nie.

Ek het in die jaar 1985 toe as 'n direkte lid by SA Stamboek aangesluit omdat daar toe nog nie 'n Nguni Genootskap was nie. Ek het gou besef dat vir my boerdery omstandighede die Nguni ras feitlik perfek ingepas het en dat hulle besonderse vrugbaarheid, temperament en uitstaande moeder eienskappe het. Al hierdie eienskappe het hulle die ideale beeste gemaak vir ons area. Nou 28 jaar later, besef ek dan ook dat hulle hulself op die harde manier bewys het aan almal en dat ons vir die regte redes met hulle boer en nie oor modes of giere nie.

Verder het ek nooit gedroom dat ek so lief vir 'n beesras sou word, dat dit nou my hoofvertakking van my boerdery is. Die oomie wat gesê het dat my pa in sy graf sou omdraai se kleinseun, boer nou na 28 jaar self met Ngunis.